Publication: Sake (Rapport)
Date: 21 Aug 2016
Page: 4

# Geen kitsgeld uit wildbedryf

## As deel van portefeulje is so 'n belegging goed

**Riana de Lange**



**Dié Oos-Afrika-buffelvers van die plaas Ukujabula is teen R1 050 000 aan Warrick Barnard van Woody Cape Wildlife verkoop.** | FOTO: LANDBOU.TV

**R1 miljoen**

Al blyk daar min keer te wees aan die gewildheid van wildveilings, die pryse wat vir teeldiere betaal word en die entoesiasme oor die groeipotensiaal van die wildbedryf, is nie almal oortuig van die beleggingsmeriete van die bedryf nie.

'n Veiling begin vandeesmaand deur Loskop Game Breeders wat hanteer is deur Vleissentraal, het 'n omset van R32,6 miljoen behaal met meer as 200 geregistreerde kopers.

Van die hoogtepunte was 'n prys van R1,75 miljoen vir 'n buffelbul, R3 miljoen vir 'n buffelkoei en R1,05 miljoen vir 'n buffelvers, sê Nico van den Berg van Loskop Game Breeders.

Hy sê afgesien van 'n gesonde plaaslike jagbedryf verwag die land se wildboere dat buitelandse belangstelling in die bedryf sal toeneem omdat Suid-Afrika en Namibië tans die enigste stabiele bestemmings vir buitelandse jagters in Afrika is.

"Wildboere in Suid-Afrika verwag ook dat jagwild uit Suid-Afrika binnekort terug in Afrika gevestig sal moet word vir volhoubare jag."

Trofee-teeldiere haal hoë pryse, want dit is nodig om trofeejagdiere van goeie gehalte te teel waarna internasionale jagters soek, sê Van den Berg.

Maar Magnus Heystek, beleggingstrateeg en direkteur van Brenthurst Wealth, sê die beleggingsmeriete van die wildbedryf is nog nie vir hom duidelik nie.

Hy sê die bedryf het uiteindelik twee soorte verbruikers: die jagter en dié wat wild teel vir 'n ander eindverbruiker.

Om te besluit oor 'n belegging in die wildbedryf, moet jy jouself afvra hoeveel buitelandse jagters in 'n jaar na Suid-Afrika kom, hoeveel diere hulle jag en teen watter prys.

Aan die bopunt van die mark kan 'n internasionale jagter tot $6 000 (sowat R81 000 teen die huidige wisselkoers) vir 'n buffel betaal.

Heystek redeneer so: Gestel 'n bieër koop 'n buffelbul teen R10 miljoen vir teeldoeleindes. Buffelkoeie is goedkoper, maar vir teling is vier tot vyf koeie nodig.

Afhangend van hoe vinnig die diere aanteel, kan die boer binne 'n paar jaar van die jonger diere teen sowat R100 000 stuk verkoop.

Dié bedrag beland nie net so in die oorspronklike koper se sak nie, maar word verdeel tussen verskillende betrokke partye.

Dit beteken dus jy moet nog 100 buffels teen daardie prys verkoop om jou kapitaal terug te kry. En dan is lopende koste nog nie eens bereken nie.

Heystek glo nie iemand wat nou toetree tot die mark vir teel, jag en vleis van eksotiese wild gaan vinnig geld maak nie. Mense wat die bedryf wil betree, sal bereid en in staat moet wees om hulself vir vier tot vyf jaar te kan dra.

"Daar moet makliker maniere wees om geld te maak," sê hy.

Maar Van den Berg verwys na syfers wat Piet Warren, 'n wildboer van Letsitele in Limpopo, onlangs in 'n artikel in *Landbou-Weekblad* bekend gemaak het oor Suid-Afrikaanse boere wat 'n paar maande gelede teen 'n swakker wisselkoers tot R130 000 vir 'n buffelbul kon kry.

Warren is ook aangehaal dat die vraag na goeie trofeediere wildboerdery nog lank staande gaan hou.

Heystek sê wel hy is verbaas oor die grootte van die wildbedryf in Suid-Afrika.

"Dit verskaf werk aan baie mense en ook 'n belastinginkomste vir die staat. Indien korrek bestuur, kan die wildbedryf 'n wesenlike bydrae tot die ekonomie lewer."

Oor die moontlike teel van trofeewild vir vestiging in ander Afrikalande, sê prof. Melville Saayman, direkteur van Tourism Research in Economic Environs and Society (Trees) aan die Noordwes-Universiteit, dit is teoreties moontlik, maar prakties nie so maklik nie.

'n Nasionale permit van die regering is nodig om wild oor landsgrense te vervoer. Dit is ook baie duur en die prys van die hervestiging kan hoër wees as wat die diere werd is.

Saayman meen nie die wildbedryf stuur op 'n borrel af nie, want dit sal net gebeur as daar nie 'n afsetgebied vir die diere is nie. Tans bied jagters en boere wat teeldiere aanhou, 'n afset vir wild.

Volgens navorsing wat Trees in Januarie gepubliseer het, neem biltong- en trofeejag in die land nie af nie.

Saayman meen 'n belegging in die wildbedryf is goed as deel van 'n portefeulje. Al hoe meer mense belê in wildplase of in bepaalde spesies.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission